Die Hoër Tegnologiese Skool
John Vorster

7 April 2025

OUEROMSENDBRIEF 3 VAN 2025

Beste JV-Ouers/-Voogde

Dit is met groot dankbaarheid dat ons die tweede kwartaal van 2025 begin.

Dit het in die eerste kwartaal goed gegaan met die skool en ons bedrywighede. Die eerste toetsreeks is verby en die sport- en kultuurbedrywighede is aan die gang. Die atletiek het mooi prestasies opgelewer en die wintersportaktiwiteite is reeds volstoom aan die gang.

Dankie aan al die ouers wat hulle finansiële verpligtinge so mooi nakom, veral waar u nog bydraes moes maak vir toere en oefenklinieke wat tydens die vakansie plaasgevind het. Ons is oortuig daarvan dat die leerders die vrugte daarvan sal pluk.

Vir kwartaal twee deel ek graag die volgende inligting met u:

1. PROGRAM VIR DIE TWEEDE KWARTAAL

Die skool begin op Dinsdag, 8 April met **dag 1**. Die kwartaalprogram - met die siklusprogram vir die tweede kwartaal - is op Microsoft Teams beskikbaar.

Ons sien met groot verwagting uit na al die lekker sport- en kultuurgeleenthede, asook vele ander aktiwiteite, wat dié kwartaal gaan plaasvind. Hou ook u ore op die grond vir 'n lekker ouerbraai iewers gedurende die kwartaal.

Op 17 April om 13:00 vind die skool se Paas-erediens plaas. Alle ouers en ander JV-vriende is welkom om die diens om 13:00 by te woon. Bring u kampstoel en sluit vanaf 12:30 by ons by die pawiljoen aan.

Kyk gerus na die skoolkalender op Microsoft TEAMS om uself van die res van die aktiwiteite se datums te vergewis.

2. LEERDERVOORKOMS

Daar word gereeld aan die begin van elke nuwe kwartaal baie tyd gemors om leerders se voorkoms te kontroleer en op te volg totdat almal eers weer volgens die skoolreëls, op dieselfde blaadjie is. Kan ek asseblief hierdie kwartaal op die ouers en leerders staatmaak om reeds op die eerste dag van die kwartaal almal se hare, baarde en skooldrag 100% reg te hê!

- Let asb op na die korrekte skooldrag vir kwartale twee en drie:
  - ✓ ‘n Das is verpligtend en die wit skoolserp mag gedra word.
  - ✓ JV-drag mag ook op Vrydae gedra word, **MAAR** slegs saam met die korrekte skoolsweetpak – indien dit koud is. Geen ander baadjies of truie word saam met JV-drag toegelaat nie. Indien ‘n leerder nie oor die korrekte JV-drag beskik nie, moet hy/sy gewone skooldrag dra.
  - ✓ Let asseblief ook weer daarop dat u kind se hare volgens die voorgeskrewe skoolreëls is en dat geen seun ongeskeer skool toe moet kom nie.

## 3. RAPPORTE

Rapporte word op **14 April** aan die leerders versprei. U sal die geleentheid kry om op

**15 April** die personeel tydens ’n **oueraand** te spreek. Verdere inligting volg later.

## 4. EKSAMENROOSTERS EN -BRIEWE

Eksamenroosters en -briewe word reeds op 15 April op Microsoft TEAMS beskikbaar gestel. Bestudeer dit sorgvuldig saam met u kind en begin betyds, met die hulp van ’n studierooster, voorberei.

1. Junie-eksamen begin op Maandag, 26 Mei 2025 vir graad 10 - 12.
2. Junie-eksamen begin op Maandag, 2 Junie 2025 vir graad 8 - 9.

Ten slotte wil ek u graag bedank vir al u ondersteuning en positiewe insette by die skool. JV-ouers is ‘n span duisend en u word opreg waardeer.

Ons sien daarna uit om u kinders weer op 8 April 2025 terug te ontvang by die skool.

JV-groete.

A Dowd: Hoof